## 18 Julie — Amos 5:1-27

### *Wat hoor ons deur Amos?*

By die noukeurige lees van Amos se prediking soos ons dit vind in hoofstukke 1 tot 6, blyk dit dat hy ongeveer vyftien preke gelewer het. Die boek Amos gee egter net die kernsake aan ons deur. Wat hoor ons? Wat moes Amos sê? Wat beteken dit vir ons vandag?

Hoofstuk 5 bevat waarskynlik vier preke (vgl. indeling in die 1983-vertaling). Uit hierdie preke (en ander preke) blyk dat Amos veral twee terreine aanspreek. Die sosiale lewe en eredienste. Ons lewe voor God is een geheel.

Nou is dit so dat die volk destyds nogal godsdienstig was. Hulle gaan gereeld kerk toe, offer hulle tiendes, gee selfs vrywillige offers (4:5). Hulle onderhou die feeste, sing geestelike liedere, kom hulle verpligtinge na (5:22, 23). "Baie mooi", sê ons. Wat sê die Here?

"Ek haat julle feeste..." "Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing..." (verse 21, 23). Waarom hierdie harde woorde?

Die eredienste was pure skyn. Formalisme. Naas die Here het hulle ook stergode aanbid. Hulle daaglikse lewe was een stuk ongeregtigheid: Armes en swakkes is verdruk, regters is omgekoop, volksgenote is as slawe verhandel, pa en seun slaap by dieselfde meisie. Hierteenoor het die rykes en maghebbers, die een partytjie op die ander gehad, gedrink en gefuif.

Die Here vra ons hele hart en ons hele lewe. Alles in ons lewe moet reg wees. Reg teenoor God en reg teenoor ons naaste. Al tien gebooie moet onderhou word.

Bid om krag hiervoor.

Sing: Psalm 119:11 — Dr. N. P. Heystek (Wapadrant)